WOLVEKRAANS

HENGEL KLUB

**Wolvekrans Hengel Klub**

Notule van Komitee Vergadering

| | | |
|---|---|---|
| Teenwoordig: | Gawie van Reede van Oudtshoorn | Voorsitter |
| | Adele van Reede van Oudtshoorn | Tesourier |
| | Anton Prinsloo | Rekord Beampte |
| | Dave Cordier | Oewer Beampte |
| | Manie Potgieter | Oewer Beampte |
| | Hendrik Maritz | Oewer Beampte |
| | Allona Maritz | Klub Lid |
| | Christine Harrington | Klub Lid |

| | | |
|---|---|---|
| Verskonings: | Johan Grobler | Onder Voorsitter |
| | Andre Grobler | Inweeg beampte |

**Maandelikse Komitee Vergadering**

| | |
|---|---|
| Datum: 14 September 2021 | Venue: 8 Hanell Glen |

| | |
|---|---|

| | | |
|---|---|---|
| 1.0 | **Vergadering Begin**<br><br>1.1 Die vergadering begin om 18H00 en is geopen deur  Hendrik Maritz met Gebed waarna die voorsitter almal teenwoordig verwelkom het.<br><br>1.2 Voorsitter aan die woord.<br><br>**<u>Besprekings punte</u>**<br><br>1. **Klagtes**<br><br>Geen skriftelike klagtes is ontvang tydens of na die kompetsie nie | G.v.R.v.O |
| 2.0 | **Kompetisie Uitslae**<br><br>2.1 September klub  kompetisie het volgens klub reëls en nodige regulasies plaasgevind 122 hengelaars ingeskryf waarvan 31 daarin kon slaag om 58 vis te kom inweeg met ‘n totale gewig van 52.26 kg.<br><br>Oktober maand gaan Oerwerbamptes omloop en lede laat POPPI ACT vorms invul, slegs lede wie se vorms ons ontvang het ,se uitslae sal van nou af bekend gemaak word. | G.v.R.v.O<br>A.P |
| 3.0 | **Komende aangeleenthede**<br><br>3.1 Die volgend kompetisie is die 1 tot 3 Oktober en sal `n naweek kompetisie  by Wolvekrans klub gronde wees inskryf vind plaas Vrydag aand  om 18h00 op die | A.P |

| | | |
|---|---|---|
| | klub stand waarna daar gehengel word van 19h00 tot 12H00 Sondag. Inweeg begin om 12h15 op die klub stand. Ons wil net versoek dat lede nog steeds by regulasies sal hou sosiale afstand en gesig maskers bly verpligtend.<br><br>Besoekers wat deur lede genooi word is welkom teen R 130.00 per persoon vir besoekers wat aan die kompetisie deelneem besoekers wat nie hengel nie 'n normale R50.00 per dag per persoon.<br><br>Besoekers fooie moet verkieslik geeft word, lede moet bewys van betaling kan toon wanneer hulle inskryf by rekord beampte. Ons ondervind daar is lede wat besoekers het tydens kompetisies en hulle nie aameld of die gelde betaal nie. Besoekers tydens kompetisies kan slegs aan die rekord beampte geraporteer word. Sodat die rekordbeampte rekord daarvan kan hou.<br><br>Ons wil julle net herinner indien n besoeker aan meer as drie kompetisies deelneem die person moet aansluit by die klub. Dit gaan streng beheer word.<br><br>Daar gaan dan weer die R10.00 karp en Baber wees, assook lootjies wat weer gaan plaasvind teen R10.00 n kaartjie | Komitee |
| 4.0 | **Skraper**<br><br>Ons kan n skraper kry om die paaie te kom skraap. Ons vra dat elke stand<br><br>R 100.00 oorbetaal sodat ons die gronde se paaie weer op standaard kan bring**.** As lede dit asb by einde September kan betaal. Verwysing skraap en stand nommer. Ons wil graag die paaie skraap in Oktober.<br><br>**Voermaak plek**<br><br>Na baie lede se navrae rakende voer maak plek om vis weer te lok. Het komitee besluit dat die wat wil voer dit die 25 ste September kan doen. Piet Jordaan en Manie Potgieter sal omkom by die stands met hulle bote. Die lid moet dan saam met hom hulle op die boot gaan en die voer in die water plaas. Elke stand wat wil voer moet R50.00 aan die betrokke persoon die dag betaal om te help met die petrol.<br><br>**Prysuitdeling** | Komitee<br><br>Lede |

| | | |
|---|---|---|
| | Die prysuitdeling gaan plaasvind die 30ste Oktober by Wolvekrans gronde. Die lede wat dalk al vermoed hulle kry n trofee hou asb die dag oop. Adele sal die uitnodigings stuur in die begin van Oktober. Verdere reelings sal dan op `n latere stadium deur gegee word. Dit trofees word opgradeer en dis tydsaam dus die rede dat die prysuitdeling eers in Oktober is. | |
| 5.0 | **Klub Gronde/ Hekke/ Sleutels**<br><br>5.1Die klub hek instandhouding is gedoen en hekke in werkende toestand. | J.G |
| 6.0 | **Media**<br>6.1 Wolvekrans hengel klub maak gebruik van verskeidenheid media nl. Facebook, Whats-app en Instagram om inligting deur te gee en om met lede te kommunikeer. Die kommunikasie Whats-app groep word as verpligtend geag vir al ons lede. Die klub web blad sal met die nuutste inligting tot ons beskikking opgradeer word. [**www.wolvekranshengel.co.za**](http://www.wolvekranshengel.co.za)<br><br>6.2 'n Vriendelike versoek dat wanneer lede op enige klub media plasings doen slegs aanvaarbaar is as plasings voldoen aan klub media riglyne wat deur al die lede onderteken is.<br><br>6.3 Geen klagtes of griewe mag op enige klub media geplaas word nie, lede word versoek om alle klagtes op skrif met uiteensetting van die klag of grief slegs aan die voorsitter te e-pos by **wolvekranshengelclub@gmail.com** wat op sy beurt aan die komitee sal deurgee vir die nodige optrede. | A.v.R.v.O |
| 7.0 | **Standplase**<br><br>7.1 Standplaas inspeksie is uitgevoer nodige kennisgewings is uitgestuur. | J.G |
| **Vergadering is afgehandel en verdaag om 19H50** | | |

Nota: Tydens inperkings regulasies kan ons ongelukkig nie lede na komitee vergaderings nooi nie maar doen wel ‘n beroep op lede indien hul iets wil bespreek die  informasie op skrif deur te gee sodat ons dit op die agenda kan plaas.

Die notule is aanvaar as waar en korrek deur:

Voorsitter    Gawie van Reede van Oudtshoorn

**Elektronies weergawe handtekening nie vereiste nie**